

26 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 35:1-36:15

Fokusgedeelte: Esegïel 36:10

God laat nie met sy kinders spot nie

Die volk van Juda en die inwoners van Jerusalem moes in Esegïel se tyd in ballingskap gaan. Dit was as gevolg van hulle sonde dat hulle so onder God se oordeel gely het. Hulle ou vyande het hulle in die ondergang van God se volk verlustig. Een van hierdie ou vyande was die volk Edom wat gedink het dat hulle self veilig in hulle bergvesting Seïr is, Edom was die nageslag van Esau. 'n Mens sou eintlik verwag dat hulle die Israeliete minstens simpatiek sal wees, maar die omgekeerde was egter waar. Dieselfde soort oordeel as oor Edom kry ons ook in Psalm 137 en in die boek van die profeet Obadja. Hulle het in die ondergang van Juda en Jerusalem, en die vroeëre ondergang van die noordelike ryk, die geleentheid gesien om hulle eie grondgebied uit te brei. Weens hierdie gesindheid kom hulle self onder God se oordeel. God laat nie met sy volk spot nie, selfs nie wanneer hulle die oordeel wat hulle getref het verdien het nie. Edom moes besef dat dit die almagtige God is wat sy kinders gestraf het, en dat Hy weer op sy tyd aan hulle herstel sal gee. So blyk God se mag wanneer ook die ander nasies onder sy oordeel kom en gedwing word om sy heerlikheid te erken. Die hele skepping stuur af op daardie oomblik wanneer God se grootheid deur almal erken sal word, ook deur hulle wat Hom nooit wou erken of ken nie.

Sing: Psalm 99:1,2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)